



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 150: 28 Maart 2018

'N TYD VIR PASSIE

Vakansietyd is gemaak met 'n doel - en dit is om leerders en onderwysers vir 'n kort tydjie net bietjie van mekaar weg te hou. Was dit nie hiervoor nie, sou daar al baie keer lelke moleste ontwikkel het. Wie vakansie ook al uitgedink het, het miskien nie op daardie stadium besef watter impak hierdie skeidings-tydjies op so baie mense se lewens sou hê nie. Salig!

Tog hou hierdie kort vakansie groot betekenis in. Eerskomende naweek vier ons die Paasgebeure. Waar Kersfees met groot kommersiële geskal gepaard gaan, het die Paastyd oor die jare wegbreektyd en feestyd geword. Dis weer KKNK, met massas wat opruk om vir 'n paar dae, onder die dekmantel van "kuns", bietjie bevry te word van hul alledaagse bestaan. Ander reis duisende kilometers om net 'n bietjie te ontspan.

Maar midde-in alles gedenk ons die Paasgebeure. Die kern waarom die Christelike geloof draai. Dat Jesus Sy liefde vir 'n sondige wêreld met soveel passie uitgeleef het, dat Hy die mees vernederende en pynigende marteling moes deurstaan, net om op die mees wreedaardige wyse te sterf aan 'n kruis. Alhoewel ons dit maklik met die mond bely, kan die meeste van ons glad nie hierdie ongelooflike liefdesdaad heeltemal aan die lyf voel nie. Dit bly eintlik net te onwerklik. Die film "Passion of the Christ" het miskien die ontsettende beproewing en lyding wat ons Verlosser moes deurstaan, so 'n bietjie aan ons openbaar. Ons praat so maklik daarvan dat iemand regtig met passie lewe en oordeel mense maklik weens 'n oënskylnike gebrek aan passie. Verstaan ons werklik wat Passie eintlik beteken?

Kom ons gebruik Goeie Vrydag om net weer bietjie selfondersoek te doen, om opnuut in verwondering te staan oor die ongelooflikste Geskenk wat ooit aan die mensdom gegee is. Ervaar weer bietjie die pyn en lyding, die ontsettende opoffering wat Hy moes deurgaen. En pak die lewe opnuut aan met 'n passie gebore uit dankbaarheid. Laat die liefde seëvier!

Ons nuwe Beheerliggaam

Nadat die eerste rondte vir die verkiesing van ons Beheerliggaam nie kon plaasvind weens 'n gebrek aan 'n kworum nie, is die verkiesing op Donderdag 23 Maart afgehandel en is die volgende lede verkies:

Mnre. Martin Janse van Rensburg (Voorsitter), Johan Westraadt (Ondervoorsitter), Kobus Ollewagen (Tesourier), Clint Garbers (Sekretaris), Jan Stroebel (Skoolhoof), Karl du Preez, Hugo Ras, Nagel Myburgh, Wynand Rauch en Louis Gerber, mev. Bernadette Loock, Maartje Weyers, Belinda Terblanche en Martlie Jordaan. Ruan Reinhardt, Megan Tait en Inge Zülch is as leerderverteenwoordigers verkies. Baie geluk aan almal en baie sterkte met die groot uitdagings wat in hierdie termyn voorlê!

ONTHOU!

Senior Oueraand
Donderdag 12 April
(18:30)

Almal vergader 18:30 in die skoolsaal waarna die onderwysers in hul klasse besoek kan word – tot 20:30

Sterkte aan al ons sportgroepe wat die vakansie landwyd deelneem

VERJAARDAE DIE AFGELOPE WEEK

Saterdag

Lizmari Hanekom, 11D
Ruwayne van der Bates,

Sondag

Anzelle Botha, 8F
Kirsten Smith, 10F
Clishéed Swarts, 10A

Maandag

Joanell Jonck, 10C
Jaco Smit, 11C

Dinsdag

Marco Fourie, 9E
Juané Jonker, 12A
Elandré le Roux, 12E
Louise Moore, 9E
Stephanie Oberholzer, 12G
Bradley Smith, 10E
Bianca Swarts, 9C

Woensdag

Deandré Erasmus, 9F
Larunette Louw, 9A
Armand Mostert, 10E
Teagan Smith, 10B
Caisey van der Berg, 8B
Kelvin Venter, 11A

VAKANSIE-VERJAARDAGMAATJIES

Die volgende leerders verjaar almal tydens die vakansie. Mag almal 'n wonderlike verjaardag geniet! Ten minste kan jy bietjie laat slaap op jou verjaardag. Daar is darem 'n paar, almal wat ná 9 April vanjaar, wat ongelukkig hul verjaardag in die skool moet vier!

Donderdag 29/3

Suné Kapp, 11D
Zander Marais, 9G

Vrydag 30/3

Cadan-Wade Finnis, 12G
Danellé Mathee, 10F

Saterdag 31/3

Maurice Dutton, 12F
Wiehan Smalberger, 12B

Sondag 1/4

Divan de Villiers, 12E
Kevin Mitchell, 11A
Corné Smith, 11A

Maandag 2/4

Ruan du Preez, 11B
Nicole Kruger, 12C
Simoné le Grange, 10B
Amoré Nel, 11F
Zoe Oelofse, 8F
Ferdinand Röth, 9B

Dinsdag 3/4

Jonathan Carter, 12A
Kaylin Vorster, 11B
Kaitlyn Vrey, 11C

Woensdag 4/4

Shanell Greyling, 9G
Tiaan Reynecke, 9E
Shanel Smith, 9G
Jaques van Niekerk, 9C
Desiree van Zyl, 12G
Dewald van Zyl, 12E

Donderdag 5/4

Andrea Boonzaaier, 12D

Vrydag 6/4

Melandi Jansen van
Rensburg, 8D
Johann Postma, 11C

Saterdag 7/4

Damian Schlodder, 8B

Sondag 8/4

Robyn-Leigh Munro, 11C
Pieter Pretorius, 8D
Zack Serfontein, 8G

Maandag 9/4

Esmé Kruger, 8F
Rochelle Momberg, 12C
Dirkie Norton, 11D
Ané Potgieter, 11D
Delroy Zelie, 9F

Dinsdag 10/4

Twané Anderson, 11E
Daniel Grobler, 9B
Ethan Keyter, 10B

Woensdag 11/4

Abigail Peacock, 10A
Jason Sauls, 10D
Juan-Pierre Snyman, 10D

Donderdag 12/4

Morné Naude, 9F
Divan Smit, 9F
Estian Steynberg, 10F

Vrydag 13/4

Jaun-Pierre Lategan, 8D
Jayden Smit, 8D

ATLETE DOEN BAIE GOED IN POTCH BY SA-SKOLE

Soos verlede week berig, het 'n groep Framesby-atlete die afgelope naweek aan die SA Skole-kampioenskappe in Potchefstroom deelgeneem. Al die beste skole-atlete het daar deelgeneem en ons atlete het as volg presteer:

Björn Ferreira behaal 'n 4de plek in die SO/17- 1500m. Hy verbeter sy beste tyd met 4 sekondes en teken 'n tyd van 4:03 aan. Vicky Oelofse behaal ook 'n 4de plek in die DO/19-1500m. Janno Agenbag het die finaal van die SO/19 400m hekkies gehaal en die 8ste plek behaal. Alhoewel Karla Scheffer nog maar 0/16 is, het sy skitterend presteer deur 'n 8ste plek in die DO/17-800m te behaal. Tiaan Erskine het ook baie goed gedoen deur as 'n O/16-atleet die 'n 9de plek in hamergooi vir SO/17 te behaal. Lara de Bloe het 'n 11de plek in die 1500m vir DO/17 behaal. Ons is besonder trots op al hierdie atlete! Tog is dit het einde niet. Daar wag nog TWEE SA kampioenskappe op die meeste van hulle. Die SA Tweekamp-kampioenskappe vind hierdie naweek in Pretoria plaas, terwyl 15 van ons atlete later die vakansie aamn die ASA Atletiekkampioenskappe in die Paarl gaan deelneem. Baie sterkte aan julle almal!

PROGRAM VIR DIE EERSTE WEEK VAN VOLGENDE KWARTAAL

Maandag 9 April	Dinsdag 10 April	Woensdag 11 April	Donderdag 12 April	Vrydag 13 April	Saterdag 14 April	Sondag 15 April
	SKOLE HEROPEN Dag 2	Dag 3 Rugby: Sone-proewe (Tuis) Landlooptliga Otto du Plessis	Dag 4 Netbal: PE-skole proewe Oueraand Gr 10-12 (18:30)	Dag 5 Hokkie: York High (T)	Sport vs Pearson Rugby, Netbal, Hokkie (W)	

ONS GROET 'N GELIEFDE KOLLEGA

Die Prediker sê dat daar 'n tyd is om te kom en 'n tyd om te gaan, maar wanneer dit tyd word om te gaan, is dit nie altyd so maklik nie. Framesby was bevoorreg om vir 'n volle 30 jaar 'n baie besondere onderwyser op ons personeel te hê, naamlik mev. Cheryl Dreyer. As onderwyser wat aanvanklik Engels onderrig, en later jare hoofsaaklik Wiskundige Geletterdheid onderrig het, het mev. Dreyer diep spore by Framesby getrap. Honderde oud-leerders sal, sonder uitsondering, kan getuig van die besondere aanslag wat sy gehad het, van die deernis wat hulle altyd sou ervaar en ook van die streng dissipline wat haar klasse gekenmerk het. Dissipline wat gewortel was in wedersydse respek.



Nie net was mev. Dreyer oor die afgelope 30 jaar 'n staatmaker binne die Framesby-personeel nie, maar het twee van haar kinders, Breda en Nina, hier gematrikuleer.

Waar die Dreyer-gesin binnekort na Nieu-Zeeland verhuis, en waar mev. Dreyer haar daar ook in die onderwys gaan begewe, vergesel ons beste wense haar. Ons sal haar terdeë mis, maar is eintlik almal 'n bietjie jaloers op feit dat hulle die moed aan die dag lê om die onbekende aan te pak en in die vreemde 'n nuwe begin te gaan maak. Mag die toekoms net mooi dinge inhou en mag die Nieu-Zeelandse leerders vinnig agterkom watter briljante onderwysers hier rondloop! Alles van die beste.

SPORTPROGRAM VIR DIE VAKANSIE

Tydens die vakansie neem 'n verskeidenheid van ons sportspanne aan toernooie deel waar hulle gaan meeding met van die beste skole-spanne in die land. Ons rugbyspanne reis na die Paarl en Durban, die netbalspanne na Gauteng, die dogtershokkiespan na Graaff-Reinet, en die seunshokkiespan na Knysna.

Die **rugbyspanne** speel almal Donderdag, Saterdag en Maandag. Hul programme is as volg

Donderdag 29 Maart		
O/14	Paarl Gim-toernooi	H/S Nelspruit
O/15	Boishaai-toernooi	H/S Rustenburg
O/16	Paarl Gim-toernooi	H/S Monument
Eerstes	Kearsney-fees	Dale College
Saterdag 31 Maart		
O/14	Paarl Gim-toernooi	H/S Eldoraighne
O/15	Boishaai-toernooi	H/S Durbanville
O/16	Paarl Gim-toernooi	H/S Noordheuwel
Eerstes	Kearsney-fees	Pretoria Boys High
Maandag 2 April		
O/14	Paarl Gim-toernooi	Grey Kollege
O/15	Boishaai-toernooi	H/S Stellenberg
O/16	Paarl Gim-toernooi	Grey Kollege
Eerstes	Kearsney-fees	H/S Noord-Kaap

Ons O/14-, O/16- en O/19-**netbalspanne** reis na Gauteng om as die *enigste* skool uit die Oos-Kaap, aan die prestige-Waterklooftoernooi deel te neem. Al die beste netbalspanne in Suid-Afrika is hier saamgetrek en ons is baie opgewonde dat Framesby genooi is om hierdie elite-toernooi deel te neem. Die wedstydte word op Saterdag, Maandag, Dinsdag en Woensdag gespeel. Baie sterkte aan al ons netbalmeisies! Wys die Vrystaters en Gautengers waar Dawid die wortels gegrawe het!

Ons eerste **Dogtershokkiespan** neem hierdie naweek deel aan die Union High Sportfees op Graaff-Reinet. Die kompetisie by hierdie toernooi is besonder sterk en ons meisies sal sekerlik hulle hande vol hê. Hul program is:

Donderdag 29 Maart	Union High en Victoria Girls
Vrydag 30 Maart	Cambridge High en H/S Grens
Saterdag 31 Maart	Stirling High

Ons eerste **Seunshokkiespan** neem deel aan die Oakhill-toernooi op Knysna. Die span bestaan uit 15 seuns, en 'n oud-speler, Adriaan Brink, gaan saam as hulpafrigter. Hul program lyk as volg:

Donderdag 5 April	Oakhill en H/S Hugonote
Vrydag 6 April	H/S Strand en H/S Stellenberg
Saterdag 7 April	H/S Outeniqua

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIEL

DIS MOONTLIK BY GOD

As 'n mens jousef beter leer ken, weet jy dat dit nie moontlik is om jousef te bekeer nie. Dit is nie net dat daar duisende dinge is wat jou gebonde hou nie, jy hou eintlik jousef gebonde, omdat daar op die bodem van ons hart 'n diepe onwil bestaan om werklik anders te word, om werklik die keuse vir God en teen onself te maak, om werklik vry te word.

Ons hou aan allerlei dingetjies vas asof ons lewe daarvan afhang – dingetjies wat ons in elk geval tog die een of ander tyd ontnem sal word. Dit is eintlik uiters irrasioneel om teen God en vir jousef te kies. Dit staan gelyk aan 'n keuse vir die dood teen die lewe. En terwyl dit tog juis ons diepste drang is om onself te red, sou 'n mens verwag dat ons bereid sou wees om daarvoor alles op die altaar te lê – juis ook onself. Maar dit werk nie so nie. Hoe irrasioneel dit ook mag wees, ons is nie by magte om onself los te laat en onself net op Gods genade te werp nie. Ons is emosioneel so sterk by onself betrokke, dat ons die een ding wat werklik nodig is om vir eie behoud te doen, weens ons verdraaide selfliefde juis nie wil en kan doen nie.

Ons is soos 'n drenkeling wat vir lewe en dood vashou aan 'n sinkende wrakstuk en nie die moed het om die risiko te loop om dit te los en die reddingstou wat hom toegewerp word, aan, te gryp nie. Ons vrees die dood en kies daarom juis in ons verblinding die dood en teen ons enigste moontlikheid om vry te word. Uiteindelik sal ons saam met die wrakstuk sink, omdat ons nie kans gesien het om die keuse tussen die oue en die nuwe te doen nie.

Dit is net God wat 'n mens werklik in staat kan stel om die oue te los en die nuwe te kies. Toe die ryk jong man bedroef van Christus weggegaan het, het Christus gesê dat dit vir 'n ryk man net so moeilik sal wees om in die koninkryk van God in te gaan, as wat dit vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te gaan. Sy dissipels was nie ryk mense in die materiële sin van die woord nie. Maar hulle het verstaan dat die woord van Christus diepe implikasies het vir elke mens. Die "rykdom" waaraan 'n mens kan vasklou, kan baie gestaltes hê, en niemand moet dink dat materiële armoede vanselfsprekend 'n mens deel laat ontvang aan die koninkryk van die hemele nie.

Ons almal, of ons ryk of arm is, geleerd of ongeleerd, met aansien of onbenullig in die oë van die mense, het 'n ou lewe wat prysgegee en 'n nuwe lewe waarvoor 'n beslissende keuse gemaak sal moet word. Dis vir niemand van ons moontlik om dit te doen nie – net so min as wat dit vir 'n kameel moontlik is om deur die oog van 'n naald te gaan. Dit is ook geen keuse wat slegs een maal gedoen kan word nie. Dit herhaal homself daagliks, dikwels in 'n intensiewer vorm namate ons met God op weg is.

Watter troos dat Christus gesê het dat wat by die mense onmoontlik is, by God moontlik is! Dit is werklik vir God moontlik om 'n mens vry te maak, om hom nuut te maak, om hom anders te maak.

Uit *Die Burger*, 20 Mei 1978

PAASEIERS VIR AFRIKA!

As deel van die Filantropie en die Monitorbestuur se omgee-veldtog, het ons leerders wonderlik gereageer en altesaam 2 953 paaseiers ingesamel wat oor die Paastyd aan die volgende instansies uitgedeel gaan word: Lorraine Frail Care, Lake Farm, Laerskool Republiek, Laerskool Piet Retief, Huis Genot en die Goue Jare-tehuise vir bejaardes. Baie dankie aan almal wat bygedra het.



Vicky, Björn en Janno in aksie by SA-skole